



## Die Boodskapper

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** [www.ngkpierneef.co.za](http://www.ngkpierneef.co.za)

### Verjaardae die week:

9/2	Mnr	Tristen	Murphy	082-927 3448
9/2	Me	Martie	Roets	082-684 4298

### Gebedsbediening

#### KOM ONS BID VIR:

- Families wat geliefdes aan die dood afgestaan het.
- Persone wat in die voorste linie is om siek mense te versorg.
- **Bid asb** vir Jeanne en Mauritz se familie. Mauritz is onlangs oorlede. (072-152 1224).
- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here in hierdie tyd op.
- **Bid asb** vir Piet de la Rey wat weer in die hospitaal opgeneem is.
- Bid dat opvoeders by alle instellings met geduld en wysheid sal onderrig. (Kolosense 2:8)
- **Bid** dat slagoffers van geweld beskerming sal ontvang en dat hierdie euwel vernietig sal word.

*Indien jy 'n behoefte het aan voorbedding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).*

### Bybelstudie en Bybelskool hervat die week!

**Bybelstudie:** Woensdag (9:30) in die konsistorie

**Bybelskool:** Woensdag (18:30) in die konsistorie

Skakel ds Grobler (076 841 1568) vir meer inligting

Ons wil ook graag 'n **Gemeenteboekie** vir ons herdenking uitgee wat die belangrike gebeure van die afgelope 20 jaar bevat (om die boekie van ons 50ste herdenking aan te vul).

Indien jy graag wil **bydrae** (i.t.v verhale/gebeure om in die boekie te sit), kontak gerus ds Paullet (076 841 1568).

**Julle insette sal werklik waardeer word!**

## Ons hou "Jumble sale" (27-29 Nov) en Veiling (29 Nov)!

Alle skenkings is welkom! Skenk gerus enige van die volgende items wanneer jy weer huis regpak: Klere, skoene, kombuisware, elektroniese toestelle, boeke, en somer enige iets interessant wat net staan en stof opgaar! Items kan gedurende kantoorure by die kerk afgelaai word. Skenkings van groter/duurder items is ook welkom vir die veiling. Kontak gerus Calla (082 455 2976) in hierdie verband.

## Ons vier die jaar die Gemeente se 70ste verjaarsdag!

### 30 September (Woensdag):

9:00 Dankdiens en Nagmaal

9:45 Koek en tee in die saal

18:30 Dankdiens en Nagmaal

19:15 Sop en broodjies in die konsistorie

### 4 Oktober (Sondag):

9:00 Erediens en Nagmaal

10:00 Koek en tee in die saal

17:00 Erediens en Nagmaal

18:00 Sop en broodjies in die konsistorie

**Ons wil graag genoeg geleentheid bied vir almal om die eredienste en kuiergeleenthede by te woon, dus is jy welkom om die tyd (Woensdag en Sondag) te kies wat jou die beste pas.**

## Dorkas se Kombuis

Ons het 'n skenking van 6 Afr en 16 Engelse bybels ontvang het vir Dorkas se Kombuis. Hierdie woensdag kon ons 14 gesinne van kospakkies voorsien het en het die pakkies bestaan uit:

1kg rys, 500g macaroni, 500g soya, 1 groot butternut, 1 toiletpapier, 1 sanitêre ware, 1 blikkie ertjies, 1 blikkie mixed curried veggies, Pakkie minestrone sop en Speserye

**Dankie vir elkeen se bydrae wat elke week se pakkies moontlik maak.**

Ons neem 30 September afskeid van geliefde lidmate, Michelle en Francois Kriel (en hulle gesin) wat verhuis Kaap toe. Ons gaan julle baie mis! Baie sterkte en seën vir julle!

Gaan "like" ons Facebookblad!

"Pierneef Gemeente"



## HERWINNING

**Ons het addisionele sakke by Pen gekry waarin die papier gegooi kan word. Die sakke is aan die buitekant van die heining by die buitekamer opgesit.**

**Die ander sakke is bedoel vir plasties, glas en blik en die sakke is aan die binnekant van die heining by die buitekamer.**

**Pen is 'n Christelike welsynsorganisasie wat afval gebruik om werk te skep.**

## Neem asb Kennis:

Weens sekere regulasies en die onsekerheid van wanneer ons weer in groter groepe saam mag kuier, word:

- Die Gemeentekamp van September tentatief geskuif na 'n latere datum. Die datum sal gekommunikeer word.
- Die Feestelikhede (saamkuiergeleentehede) van die Gemeente verjaardagweek word geskuif na Maart 2021 (saam met die Basaar). LW. Die spesiale eredienste en koek & tee van die Gemeente verjaardagweek gaan steeds voort.
- Die Gholfdag (6 Nov) gaan nie op 'n formele basis voort as fondsinsameling soos die vorige jare nie, die wat graag die dag saam met ons wil geniet, is welkom om 'n 4-bal in te skryf. Daar sal 'n Gholfdag (soos ons dit ken) vir fondsinsameling vroeg in 2021 gereël word. Verdere besonderhede sal nader aan die tyd deurgegee word!

Iran: 'n Pandemie van Hoop? Met die COVID-19 sterftes wat selfs toe 20 maal hoër kan wees as die amptelike getalle, en met mense wat nie toegang tot basiese behoeftes het nie, word die toestand in die land as "benard" beskryf. Meer as 60% van Iran se 81 miljoen mense is jonger as 30 jaar en baie is so ongelukkig dat hulle na dwelms en selfmoord draai vir uitkoms. Prys God dat miljoene in hierdie krisis na die Mohabat Christelike TV en SAT7 kanale kyk. Duisende vind elke maand hoop in Jesus Christus sedert die begin van die Covid pandemie. [www.tr.im/wb34](http://www.tr.im/wb34)

## Gedagtes uit Spreuke

Luiheid is vir sommige 'n leefstyl, vir almal egter 'n verleiding. Die Bybel is duidelik dat, aangesien die Here die mens opdrag gegee het om te werk, luiheid sonde is. "Gaan kyk na die mier, luiard, kyk hoe hy werk en leer by hom" (Spreuke 6:6).

Die Bybel het baie te sê oor luiheid. Spreuke is gevul met wysede oor luiheid en waarskuwings vir die luiard. Spreuke sê dat 'n lui persoon werk haat: "'n Lui mens soek sy dood, want hy wil nie sy hande uit sy moue steek nie" (21:25); hy hou van slaap: "'n Deur bly op sy skarnier draai; 'n luiard bly omdraai op sy bed" (26:14); hy maak verskonings: "Die luiard se verskoning is: 'Daar is 'n leeu in die pad! Daar is 'n leeu in die straat!'" (26:13); hy mors tyd en energie: "Een wat nalatig is met sy werk en een wat alles afbreek, is tweelingbroers" (18:9); hy glo hy is wys, maar is 'n dwaas: "Die luiard dink hy het meer wysheid as sewe mense wat verstandige antwoorde kan gee" (26:16).

Spreuke vertel ook die slotstorie van die luitaard: 'n Lui persoon word 'n werknemer (of debiteur): "Hardwerkende mense kom in magsposisies; lui mense word dwangarbeiders" (12:24); sy toekoms is uitsigloos: "'n Luitaard ploeg nie in die saaityd nie en soek in die oestyd na iets wat daar nie is nie" (20:4); hy kan arm word: "Die luitaard se honger word nie gestil nie; hardwerkende mense het meer as genoeg om te eet" (13:4).

Daar is nie plek vir luiheid in 'n Christen se lewe nie. 'n Nuwe gelowige word volgens die waarheid geleer "Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie" (Ef 2:8-9). 'n Gelowige kan egter traag raak, indien hy foutiewelik glo dat God geen vrug van 'n getransformeerde lewe verwag nie. "Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het" (Ef 2:10). Christene word nie deur werke gered nie, maar hulle wys hul geloof deur werke (Jak 2:18,26). Luiheid skend God se doelwit – goeie werke. Die Here bemagtig Christene egter om die vlees se geneigdheid tot luiheid te oorkom, deur aan ons 'n nuwe natuur te gee (2 Kor 5:17).

## Huisgeloof vir individue/gesinne

### Gebed

Gebed is 'n belangrike deel van ons geloof omdat ons glo dat die Here 'n God is wat in 'n verhoudings met ons is. Gebed is die manier waarop ons met God kommunikeer. God tree in verhouding met die skepping en met elke persoon om God se liefde uit te deel. Ons bid omdat die Here nie afwesig is nie, maar teenwoordig is, en boonop dat God met ons elkeen handel nes ons is. Deur te bid, erken ons dat ons heeltemal afhanklik van die Here in ons daaglikse lewens is. As ons bid, vra ons nie net vir wat ons wil hê nie, maar ons bid ook dat die Here se Naam geheilig word en dat die Here se koninkryk sal kom. Ons vra ook dat God se wil (en nie ons wil nie), sal geskied in die hier en nou. Gebed is ook 'n manier om sonde te bely, God te prys en vir ander mense in te tree.

#### **Luister: Handeling 16:16–40**

##### **Dink:**

- Hoekom het Paulus en Silas God geprys in hulle omstandighede?
- Hoe sou jy voel as jy, soos Paulus en Silas, in die tronk toegesluit was bloot omdat jy iemand gehelp het? Sou jy God geprys het?
- Kan ons God se wil verander deur te bid?
- Wat is die doel van gebed?
- Hoe moet ons bid, al gaan dit hoe sleg of hoe goed?

##### **Doen:**

- Maak 'n gebedslysie wat net uit dankgebede bestaan. Gebruik dit as 'n riglyn vir jou volgende week of twee se gebede.
- Neem die koerant en bid deur die hooftrekke daarvan.

##### **Bid:**

- Dankie Here dat U vir my wys U is... en Ek bid dat U wil sal geskied in...

##### **Tiener-fokus:**

- Stel 'n alarm op jou foon vir 'n paar tye in die loop van die dag en probeer om elke keer as dit afgaan te bid. Doen dit vir 'n week. Hoe beïnvloed dit jou om deurlopend in die dag met God te gesels?

##### **Familie-fokus:**

- Maak saam 'n eenvoudige liedjie op, op 'n maklike of bekende wysie, wat julle kan sing beide as dinge goed gaan en as dinge sleg gaan.

## Advertensies



353, 30<sup>e</sup> Avenue c/o Piemeef St  
Villieria, Pretoria 0186

René de Waal +27 83 324 4375  
Reception +27 83 291 0020

*Agapanthus Guest House*  
"Since 2009"

[agapanthusbnb@gmail.com](mailto:agapanthusbnb@gmail.com)  
[www.agapanthusguesthouse.co.za](http://www.agapanthusguesthouse.co.za)

*Agapanthus Guest House:  
Oop vir noodsaaklike dienste!*

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407 of 012-333 4273 of [kantoor@ngkpieerneef.co.za](mailto:kantoor@ngkpieerneef.co.za)).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

2 Gesinne het hulp nodig agv die grendeltyd. Indien u met enige vd volgende kan help kontak asb vir Rhona (082-497 3050):

- Yskas, mikrogolf, ¾ bed en tv.

## Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of [kantoor@ngkpieerneef.co.za](mailto:kantoor@ngkpieerneef.co.za)). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

## Dankoffers in Afsondering

Baie dankie aan almal wat steeds getrou dankoffers en 10des in die kerk se rekening in betaal, dit help die gemeente om sy dienswerk voort te sit. Alhoewel die uitgawes van die kerk in hierdie tyd dieselfde bly, verloor die kerk ook heelwat inkomste i.t.v. saalhuur, dankoffers, ens. Dus wil ons die aanmoedig wat wel kan, om asb steeds in hierdie moeilike tyd per eeft die normale betalings te maak. Baie dankie ook vir die voortgaande vrygewige donasies wat aan Dorkas se kombuis gemaak word, dit maak 'n geweldige verskil in die lewens van baie gesinne!

**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

**Wat sê die Bybel oor werk en luiheid?**



Werk: Spreuke  
6:6-11; 10:2-5; 12:10-11; 14:23; 15:19; 16:26; 17:18; 18:9; 19:15; 20:14; 21:5; 22:29; 23:4; 24:30; 25:18; 26:13-16; 27:13-14; 28:17; 29:18; 30:24; 31:11